

## Donderdag, 22 Julie

Skrifgedeelte: Hooglied 1:1-2:2;  
Genesis 1:27-28; 2:21-25; Efesiërs  
5:25-27

Fokusgedeelte: Hooglied 1:15-16a  
(1953-vertaling)

### Die herstellende liefde

Die meisie spreek haar verlange uit (vs 1-4): “Soen my, soen my weer en weer! ... Vat my saam met jou ...” Sy deel haar opgewonde liefde, maar tog met gesonde afwagting. Sy wil hê hy moet na haar beweeg.

Vers 5-6 bevat selfbewustheid én selfversekerdheid. “Ek is bruin gebrand, maar ek is mooi...” Sy ken sonbrand, sy weet van harde werk. Sy ken die uitbuiting van broers wat haar verwaarloos het. Tóg is daar iets gesond in haar hart wat uitroep: “Ek is mooi.” Vers 7-8 herhaal die verlange om by hom te wees – ’n liefdevolle hunkering.

In vers 9-11 is dit die jongman se beurt. Hy besing openlik haar skoonheid. Hy sien haar raak. Sy bekoor hom geheel en al, en hy is nie skaam daarvoor nie!

Vers 12-14 beklemtoon hoe die liefde in ’n mens se gedagtes bly draai soos heerlike lentegeure wat in die lug hang.

Vers 15-16 is die hoogtepunt. Drie keer sê hulle vir mekaar: “Jy is mooi!” Dit laat mens terugdink aan Adam se lied toe hy Eva ontmoet in die tuin (Gen. 2:22-23): “Uiteindelik – een uit myself; een soos ek!”

Waar is hierdie skoon, vurige, onbeskaamde liefde vandag te vind? In ’n gebroke wêreld leer die Here ons om vurig lief te hê. Man en vrou moet, binne die grense van die Woord, mekaar doelbewus opsoek, raaksien, najaag en uitroep: “Jy is mooi! Ek hunker na jou!” Hierdie liefdeslied is egter ook ’n eggo van die Groot Liefdeslied: die evangelie, die liefde van God wat sondaars deur sy Seun Jesus Christus opsoek, red en lie het. Hoe meer ons sy onbeskaamde, vreugdevolle stem van genade en herstellende liefde leer ken, hoe meer herstel Hy ons tot dit waarvoor Hy ons gemaak het - mans en vrouens wat in ons manlikheid en vroulikheid sy beeld dra.

*Sing: Psalm 45-1:1, 2, 7, 13*

*Teologiese Student J van Schaik (Hanno)*